

13 April

Skrifgedeelte: Filemon 1:12-26
Fokusgedeelte: Filemon 1:12-14

Benut jou verleentheid as 'n geleentheid wat die Here gee

Die Here het Paulus geroep en voorberei om die goeie nuus van verlossing en versoening aan die heidennasies te vertel. Van stad tot stad het hy gereis en oral het mense tot geloof gekom en is gemeentes gestig. Die Jode het egter allerlei aanklagte teen Paulus gehad. Toe Paulus voor die regbanke kom, het hy hom op die keiser beroep en uiteindelik in die tronk in Rome beland. Die tronkdeure het agter hom toegegaan, maar die Here het 'n ander deur vir hom oopgemaak.

Sy gevangenskap moes vir hom 'n groot verleentheid gewees het. Hy kon nie meer oral rondreis om die goeie nuus te verkondig nie. In hierdie **verleentheid** het Paulus egter 'n **geleentheid** gesien. Hy het begin om die goeie nuus aan die tronkbewaarders, wat hom moes oppas, te vertel. Die hele keiserlike wag het tot geloof gekom en besef dat Paulus nie 'n misdadiger is nie, maar 'n gevangene ter wille van Christus. Gevolglik het hulle ook begin om buite die tronk die Woord van die Here te verkondig. Hulle was Paulus se mond buite die tronk.

So maak die Here soms vir 'n mens deure toe om vir jou ander deure oop te maak. Die Here plaas jou soms met 'n doel in situasie wat jou nie pas nie. Daarom moet jy nie vaskyk teen die verleentheid daarvan nie, maar die geleenthede daarin raaksien. Wanneer jy byvoorbeeld siek in 'n hospitaal lê, kan dit 'n geleentheid wees om vir die pasiënt langs jou van die Here te vertel.

Sing: Psalm 66:1,6,7

Ds C Krüger (Nelspruit)